# MEMORANDUM

**BESLUITE DEUR DIE REGERING OOR AANBEVELINGS VAN DIE KOMMISSIE VIR DIE SOCIO-EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN DIE BANTOEGEBIEDE BINNE DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA**

[W.P. F—'56]

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier

**BESLUITE DEUR DIE REGERING OOR AANBEVELINGS VAN DIE KOMMISSIE VIR DIE SOCIO-EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN DIE BANTOEGEBIEDE BINNE DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.**

**Na aanleiding van die verslag van die Socio-Ekonomiese Kommissie moet die Regering in drie opsigte sy standpunt bekendstel.**

I. *Ten opsigte van die vasstelling en samestelling van alle betrokke feite deur die Kommissie.*

Die feite wat verkry is deur waardevolle wetenskaplike basiese ondersoeke, asook deur die byeenbring van bekende, dog moeilik bekombare, gegewens (wat saam die hoofdoel met die aanstelling van so 'n ondersoek-kommissie is) *word aanvaar*—nie net as grondslag vir die Kommissie se eie afleidings of menings nie, maar ook as grondslag vir verder gedagte-ontplooiing en beleidsbepaling, insover aanvulling nodig mag wees, deur die Regering en die betrokke Departemente.

II. *Ten opsigte van die stellingname deur die Kommissie in verband met die breë beleidsrigting vir die land, naamlik wat betref—*

(*a*) *Integrasie of Apartheid* (*dit wil sê afsonderlike ontwikkeling*), *en*

(*b*) *doelbewuste ontwikkeling van die Naturellegebiede met inagneming van etniese indeling.*

Die Regering verwelkom die ondubbelsinnige verwerping van die beleid van Integrasie en van enige teorieë oor 'n middeweg, sowel as die regverdiging vir sy beleid van Apartheid (afsonderlike ontwikkeling), geleidelik maar doelbewus toegepas. Hy verwelkom ook die onderskrywing van die stelling, al jarelank deur hom neergelê, dat snel genoeg vordering gemaak sal wees, en sekerheid verkry sal wees vir verder vooruitgang met die proses van skeiding—met ander woorde: veiligheid vir die blanke beskawing en geleenthede vir albei rassegroepe op alle terreine in eie gebied of onder hul eie mense—indien oor 50 jaar die getalsverhouding tussen Blank en Bantoe in blanke gebied net naastenby gelykop sal wees. Die Regering verwelkom verder die onderskrywing van sy reeds ingeslane praktyk om die naturellegebiede, en die lewenswyse van die Bantoe vir eie gemeenskapsdiens, doelbewus te beplan en te ontwikkel, en stem saam dat die tempo steeds versnel moet word.

III. *Ten opsigte van die aanbevelings deur die Kommissie oor die administratiewe en ander maatreëls om die gestelde doel te bereik.*

Die metodes waarmee die aldus deur Kommissie en Regering aanvaarde doelstellings beste bereik kan word, is natuurlik nie 'n saak van wetenskaplike bevinding soos die feite-vasstellings nie, maar van persoonlike oordeel. Die Regering waardeer die menings van die Kommissielede hieroor, en oorweeg elke voorstel en teorie sorgvuldig. Daarby hou hy ook rekening met oordele hieroor wat berus op die veel breëre praktiese ervaring van administratiewe aangeleenthede, staatsorganisatoriese moontlikhede, praktiese bruikbaarheid van metodes, en aanwending van finansiële middels, wat tot sy beskikking gestel kan word deur middel van die Staatsdiens en deur raadpleging met ervare owerheidspersone. Die oogmerk sal steeds wees om die aanvaarde doel van progressiewe skeiding met die gewenste snelheid te bevorder op 'n wyse wat finansieel moontlik sal wees, administratief sal inpas in die algemene staatsorganisasie, nie ontwrigtend sal inwerk op die voorspoed van die land of die lewe van Blanke of Bantoe nie, en ook rekening sal hou met die voortdurende aanpassingsvermoë aan die wisselende omstandighede wat sal volg.

In die lig hiervan word nou reeds die volgende deur die Regering meegedeel ten opsigte van diverse aanbevelings. In verband met so 'n taak sal vanselfsprekend, soos prakties gevorder word, van stadium tot stadium die verder nodige besluite geneem en aangekondig of vorige besluite gewysig word. Ook sal van die Parlement jaarliks die nodige bewilliging van geld gevra word volgens die groeiende behoeftes, die planne wat voorgelê word en die land se drakrag op elke stadium.

| *Aanbevelings.* | *Besluite.* |
| --- | --- |
| 1. Skeiding moet aangebring word tussen die boerende bevolking in die Bantoegebiede (deur toebedeling van ekonomiese boerdery-eenhede aan geskikte gesinne) en die nieboerende bevolking, vir wie ander versorging en woonplek nodig sal wees. (bl. 114 en 119). | 1. Dit is reeds deur die huidige Regering as beleid ingevoer—die proses sal egter lank duur en daarom is betekenisvolle resultate nog nie nou waarneembaar nie. Die Regering aanvaar dat die tempo in die hoogsmoontlike mate versnel moet word. |
| 2. 'n Sekere basis van wat ekonomiese eenhede kan wees vir verskillende boerderytipes (bl. 114-115) moet ingestel word en die beplanning van Bantoe-boerderytipes moet geskied vir verskillende homogene landboustreke (bl. 115-117 en 119 (paragraaf 47B)—120). | 2. Dié voorstelle word in beginsel aangeneem. (Die finansiële implikasies, die finansiëringsmetode, en die verspreiding van nuwe uitgawes oor die jare verg verder aandag). |
| 3. Algemene maatreëls (bl. 119-121) moet in verband met Bantoelandbou onderneem word. | 3. *Paragraaf* 47 *A*. Dit bevat wat grotendeels reeds beleid is maar versigtige toepassing is noodsaaklik in oorleg met die Bantoe-owerhede of -gemeenskap, en (iv) (*a*)-(*c*) raak die organisasie van die Departement van Naturellesake in so 'n mate dat op die implikasies hiervan vir ander werksaamhede van die Departement eers noukeurig ingegaan moet word. (So ook paragraaf 47 G).<br>*Paragraaf* 47 *C*. Die Regering is nie bereid om deur verkoop van landelike grond stambesit deur indiwiduele grondbesit te laat vervang nie, of om in oopgestelde gebied indiwiduele aankoop van plaasgrond voorkeur bo Stam- en Trustaankoop te laat kry nie. Hy sal, soos in die verlede, die moontlikheid toelaat van indiwiduele aankoop in oopgestelde gebied vir geskikte gevalle en onder beveiligingsvoorwaardes. Die begeerde oogmerk van *bestendige* okkupasiereg op persele in stam- en Trustgebied (in plaas van jaar tot jaar onsekerheid) sal liewer bewerkstellig word deur modernisering van die metodes en voorwaardes waaronder toekenning deur die stamowerheid plaasvind. Dit is trouens meer in ooreenstemming met punte soos (xii) as wat privaat grondbesit sou wees.<br>In hierdie stadium is die Regering ook nie bereid om tot die verkryging van meer as een ekonomiese eenheidsperseel vir okkupasie toe te stem, en also aanleiding te gee tot die moontlike ontwikkeling van groot grondbesit deur enkelinge nie. |

Ander besonderhede onder C word ondersteun. Die Regering is egter nie ten gunste van die instelling van Bantoelandrade nie (bl. 197 III (iv) (*e*) ). Die Bantoe-owerheidstelsel behoort die taak wat hier voorgestel is, te behartig, en waar sulke owerhede nog nie bestaan nie, sal intussen met behulp van die Bantoe-gemeenskap oorgangsmaatreëls getref word.

*Paragraaf* 47 *D*. Dit word goedgekeur en is trouens reeds beleid.

*Paragraaf* 47 *E*. (Sien ook bl. 198 (xvi) ). Die voorstelle word goedgekeur behalwe dat (i) 'n tydelike reëling is totdat (iii), waarmee die Departement reeds geruime tyd besig is, dit kan vervang. Met (iv) moet gewag word tot die probleem meer dringend word deur groter produksie, en die bemarkingsprobleme in blanke gebied beter ondersoek en opgelos is en tot lering kan dien.

*Paragraaf* 47 *F*. Insover hierdie aanbevelings moet help tot grondaankoop verval dit grotendeels, maar ten opsigte van die behoefte aan krediet vir indiwiduele okkupeerders van ekonomiese eenhede sodat hulle laasgenoemde behoorlik kan ontwikkel, sal die Regering eers wil ondersoek of die Naturelletrust soos in sekere gevalle tot dusver, of die Afdeling Bantoegebiede (vroeër Lande-afdeling) van die Departement van Naturellesake, die geskikste kredietverskaffer en -beheerder sal wees.

4. Besproeiingsboerdery (bl. 123) moet doelbewus en stelselmatig bevorder word.

4. *Paragraaf* 18 (sien ook bl. 198 B). Dit is grotendeels Regeringsbeleid. Wat nuut mag wees word goedgekeur.

   *Paragraaf* 19. Bestendige okkupasieregte onder die voorgestelde soort voorwaardes sal die beleid wees. Algemene bestuur van plaaslike aard sal onder die betrokke Bantoe-owerheid val, wat ook die regte Bantoeliggaam—miskien met behulp van 'n subkomitee—is vir optrede in verband met die toekenning van persele eerder dan nuwe kontrolekomitees. Vir die beheer van onderlinge besigheidsbelange kan Bantoekoöperasies ontwikkel word.

5. Planne om Suikerrietverbouing te bevorder (bl. 125 en 199 C) moet ontwikkel word.

5. Dié voorstelle word in beginsel goedgekeur. (Hulle herhaal trouens reeds vroeër voorgelegde, en

deur die Minister van Naturellesake goedgekeurde, planne van die Departement). Paragraaf 19 geld egter besonderhede van administrasie wat in hande van die Departement van Naturellesake gelaat word, en paragrawe 21 en 22 berus op die grondverkoopsbeginsel in plaas van bestendige okkupasiereg waar gemeenskaplike Bantoebesit bestaan, en val dus weg.

(Die geldelike implikasies word in beginsel aanvaar maar besonderhede word verwys na Tesourie vir nadere ondersoek en aanbeveling).

6. Aansporing tot veselverbouing (bl. 126-127 en 199 D) is noodsaaklik.

6. Die afdeling Landbou van die Departement van Naturellesake het reeds geruime tyd gelede soortgelyke beplanning uitgewerk wat goedgekeur is en is besig met aanvoorwerk soos die kweek en verspreiding van plantjies, en die nodige opvoedingswerk.
Paragrawe 13-15 en bl. 199 D word goedgekeur as herbevestiging van bestaande beleid.

7. Maatreëls tot bevordering van Bosbou-ontwikkeling in Bantoegebiede (bl. 130 en 199 E) moet aangepak word.

7. Die Regering het reeds geruime tyd gelede 'n ooreenkoms tussen die Ministers van Naturellesake en Bosbou goedgekeur waarvolgens die Departement van Bosbou as agent en tegniese ondernemer ten opsigte van bosaanplanting en versorging in Bantoegebiede vir die Departement van Naturellesake sal optree deur middel van 'n spesiale Afdeling van Bantoe-Bosbou wat geskep word in die Departement van Bosbou. Die Departement van Naturellesake bly die administrasie van dié betrokke gebiede en hul bevolkings behartig en sorg ook vir die ekonomiese belange vir die Bantoe wat vloei uit die waarde van dié produkte. Beleid en beplanning soos gevra in paragraaf 30 (bl. 130) is dus reeds aan die gang, asook reëlings met die Departement van Bosbou soos voorgestel in paragrawe 34 en 36.

Die Departement van Naturellesake bly volgens dié ooreenkoms verantwoordelik vir kleinere bosse en inheemse bosse deur middel van sy afdeling Bantoegebiede en sy onder-afdeling Landbou, en in hierdie stadium word die aanstelling van 'n Bosbou-seksie onder

'n Assistent-Direkteur nie nodig geag nie (paragraaf 35).

Die finansiëringsmetode word in oorleg met die Minister van Finansies uitgewerk in aansluiting aan langtermynbeplanningsvoorstelle, en die Regering is nie bereid om tans te besluit oor die voorstel dat 'n Bosbou-ontwikkelingsfonds vir Bantoegebiede ingestel moet word nie (paragraaf 37).

Die opleiding van Bantoe vir, en opname in, dié bedryf in Bantoegebiede is ooreenkomstig beleid.

8. Die ontwikkeling van Bantoemynbou (bl. 132, paragrawe 18-27 en bl. 200 F) is nodig.

8. Die Regering staan simpatiekgesind teenoor die gedagte-rigting bevat in die voorstelle oor Mynbou in Bantoegebiede, wat trouens in beginsel ooreenkom met 'n verslag van enkele jare gelede van 'n interdepartementele komitee deur die Minister van Naturellesake aangestel, en waarop nou gewerk word. Hy ag die tyd nog nie ryp om, wat die instelling van 'n volwaardige Mynbou-afdeling of wat Bantoe-prospektering en -ontginning betref, verder te gaan as die huidige praktyk nie. Die opgradering van die pos van die Mynboudeskundige van die Departement van Naturellesake sal egter oorweeg word en ook die moontlikheid van 'n geologiese en geofisiese opname, hetsy met behulp van die Departement van Mynwese of deur eie geoloë.

9. Die oprigting van Nywerhede binne Bantoegebiede (Hoofstukke 34-36) moet aangepak word.

9. (i) Die Regering aanvaar die beleid dat Bantoe-ondernemers, onbelemmer deur blanke mededinging, eie bedrywe moet kan ontwikkel—met of sonder hulp—*binne* Bantoegebiede, en dus nie dat private blanke ondernemers daar toegelaat mag word nie. (Paragraaf 16, bl. 140 word insover dit hierop betrekking het dus nie aanvaar nie maar wel die minderheidsverslag in paragraaf 29, bl. 144). Dit word aangeneem dat die Bantoe-ondernemers sal begin met kleiner ondernemings soos ook deur die Kommissie in vooruitsig gestel en dat veral diensnywerhede aanmoediging verdien.

(ii) Selfs met die oog op hierdie kleinere nywerhede, aanvaar die Regering dat beplanning, aanmoediging en soms finansiële hulp

nodig sal wees, en dat die Departement van Naturellesake na oorlegpleging met die betrokke Staatsdepartemente die Bantoe-ondernemer moet kan lei en help.

(iii) Sodanige finansiëring moet grotendeels berus op die beginsel van self-hulp deur Bantoe-kapitaal te mobiliseer in 'n Bantoe-gebiedebeleggingsorganisasie, en dit sal aangemoedig word met behulp van fondse tot beskikking van die Naturelletrust, waaruit dadelik 'n bedrag van minstens 'n £½ miljoen kan gestort word om die skema aan die gang te sit.

(iv) In besondere gevalle sou die Regering te vinde wees vir die skepping van potensiële Bantoeondernemings deur middel van genoemde Bantoegebiedebeleggingsorganisasie, sodat hier beheer en leiding, solank nodig, verleen word op die grondslag van voogdyskap op nywerheidsgebied soos nou geskied op administratiewe gebied (paragraaf 17, bl. 141).

(v) Oor voorstelle ten opsigte van loonvasstellings, en arbeidsaangeleenthede (bl. 139-140) ag die Regering dit wenslik dat gewag word met gedetailleerde beslissings totdat dit van praktiese belang word. Hy is egter in die algemeen gunstig gesind teenoor die Kommissie se gedagte-rigting in hierdie verband.

(vi) Wat die verskaffing van basiese dienste betref (paragraaf 14) hang dit in so 'n mate van omstandighede af, dat, aangesien die Bantoe-ondernemings vereers klein sal wees, oor hierdie soort aangeleenthede besluit sal moet word soos die behoeftes plaaslik ontstaan.

(vii) Die Regering ag dit nie wenslik om in hierdie stadium te besluit oor die stigting van 'n Ontwikkelingsliggaam (paragraaf 18, bl. 141) of Ontwikkelingsraad (paragraaf 20, bl. 189, en B.vi, bl. 207) nie, maar sal deur middel van 'n spesiale amptenaar in die Departement van Naturellesake, behoorlik bygestaan deur die nodige personeel en 'n Interdepartementele Advieskomitee, die nodige begin maak in verband met die verskillende take genoem.

Indien later blyk dat die voorstel van 'n Ontwikkelingsraad in die lig van praktiese ervaring wel oorweging verdien, sal dit dan weer voor die Kabinet gelê word.

Sodra nywerheidsontwikkeling binne Bantoegebiede meer koers kry, sal aandag gegee word aan die voorstelle in verband met personeelnavorsing en opleiding van die Bantoe.

(viii) Die moontlike vestigingsgebiede vir nywerhede binne Bantoegebiede, soos deur die Kommissie aangedui, sal, sover en wanneer prakties, ontgin word met die oog op Bantoe- of Bantoe-Trustondernemings (bl. 145-146).

10. Maatreëls moet getref word vir die vestiging van nywerhede naby Bantoegebiede (bl. 142 A en bl. 146 (iv)).

10. Die Regering beskou die ontwikkeling van nywerhede in die besit van blankes maar wat behoefte aan baie naturelle-arbeid het, in geskikte blanke gebiede naby Bantoegebiede, *as van die allergrootste belang vir die gesonde socio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede*, en is voornemens om die nodige stappe gaandeweg te neem om in sulke gebiede die nodige aantrekkingskrag te skep. Hy sal onder meer rekening hou met plekke aangedui deur die Kommissie (bl. 146). Die voorstel dat oor 'n periode van vyf jaar 'n fonds van £25 miljoen beskikbaar gestel moet word aan die soort Ontwikkelingskorporasie wat die Kommissie in gedagte gehad het, het vermoedelik berus op die beginsel, wat nie aanvaar word nie, van blanke nyweraars met groot ondernemings *binne* Bantoegebied. Hierdie voorstel wat buitendien grootskaalse subsidiëring of finansiëring van *meedingende* nywerhede beteken onder ander omstandighede as waarin die bestaande nywerhede funksioneer verval dus, maar die Regering is van voornemens om wel blanke private inisiatief wat nywerhede wil stig in geskikte gebiede aangrensende aan naturellegebiede, bystand te verleen, en ondersoek die gebruikswaarde en gereedheid hiervoor van bestaande instellings, soos die Nywerheidsontwikkelingskorporasie.

Die ontwikkeling van Bantoedorpe in die Bantoegebiede dog binne bereik van sulke blanke

gebiede is een voorbereidingsmaatreël.

11. Die implikasies vir Suid-Afrika wat die Nywerheidsontwikkeling betref, moet aanvaar word (Hoofstuk 51).

11. Die beleid van nywerheidsontwikkeling sal deurgaans met behoorlike inagneming van die belange van die gevestigde nywerhede en werknemers in blanke gebiede deurgevoer word, en om hierdie rede sal die toepassing daarvan geskied in die nouste samewerking met die betrokke instansies.

12. Dorpsontwikkeling moet binne Bantoegebiede op groot skaal plaasvind (bl. 151 F en 202 B).

12. Die Departement van Naturellesake is reeds geruime tyd besig met die aanleg van oor die 40 sulke dorpe of potensiële stede, waarin eiendomsbesit van erwe die beleid is. Deur vroeër al hierdie planne van die Minister van Naturellesake goed te keur, is die Regering dus reeds aktief besig met wat die Kommissie aanbeveel. Sy aanbevelings (bl. 151, paragraaf 66) word dus goedgekeur, behalwe dat paragraaf 66 (v) nie aanvaar word as 'n nodige organisasiemetode in hierdie stadium nie, insover tans doeltreffend gevorder word met 'n sub-afdeling van die Departement van Naturellesake onder 'n Senior amptenaar. Sou die ontwikkeling later ander duurder en meer ingewikkelde organisasie- en beheervorms vereis, sal aandag aan die Kommissie-voorstel van 'n Dorperaad gegee word. Dorpsbesture word ingeskakel onder die Bantoeowerhede-stelsel, en die Departement van Naturellesake sorg vir die nodige leiding en opleiding soos ook nog nodig is in verband met Stam-, Streeks- en Gebiedsowerhede.

13. Deelname aan die Handel en die verskaffing van Handelsopleiding (bl. 153 en 202) moet aangemoedig word.

13. Die Regering keur goed (te meer daar dit reeds die praktyk van die Departement van Naturellesake is) wat aanbeveel word op bl. 202 VI (iii), behalwe dat in plaas van deur 'n Ontwikkelingskorporasie onder (*c*), die betrokke funksies vervul sal word deur 'n Bantoegebiede-beleggingsorganisasie soos voorheen genoem, en behalwe dat wat (*e*) betref dit beter sal wees om so 'n deskundige beampte op Koöperasies te sekondeer na die Departement van Naturellesake wat alleen die landswye administratiewe masjinerie het om sy taakvervulling moontlik te maak.

14. Die Staat moet die Kerke, met die oog op die beïnvloeding ten goede van die Bantoe in die Bantoegebiede, hulp verleen om hul taak te verrig (bl. 156, 158-160 en 203).

14. Die Regering stem volmondig saam met die hoogskatting deur die Kommissie van die groot waarde van die regte soort opbouende geestelike werk deur Kerke, en sal alle bystand verleen wat hom pas en binne sy vermoë is.

Die instelling van 'n spesiale afdeling vir Kerk- en Sendingsake in die Departement van Naturellesake is vereers te ambisieus, maar die Regering is wel gereed om 'n spesiale beampte in hierdie Departement af te sonder vir werksaamhede in hierdie verband. Hy sal dien as skakel met die Kerke, en deur deskundigheid op dié gebied hulle behulpsaam kan wees, waar versoek, by die beplanning van hul werksaamhede.

Die Naturellesake-kommissie sal, in samewerking met die Departement van Naturellesake, die implikasies deeglik nagaan van die aanbevelings ten opsigte van registrasie opnuut van alle Kerke en genootskappe, sowel as van dié wat betrekking het op die uitreiking van permitte aan alle sendingwerkers, veral diegene wat graag in Bantoegebiede wil werk.

Die radiusreël is reeds afgeskaf ná die nuwe stelsel van Bantoeonderwys ingevoer is, en op aanbeveling van die Naturellesakekommissie is nuwe reëls neergelê in verband met die toekenning van okkupasieregte.

Die Minister van Naturellesake het reeds dikwels gewaarsku teen die totstandkoming van 'n groot aantal godsdienstige organisasies onder die Bantoe, en het beroepe op die erkende Kerke en die Bantoe-gemeenskap gedoen om die hereniging van verwante groepe teweeg te bring. Die maatreëls van nie nuwe groepe te erken vir voorregte nie, en van hoë eise aan lidmaatgetalle en gemeentes hiervoor te stel, word reeds lank toegepas maar sonder veel gevolg. Of die Staat verder moet ingryp, soos voorgestel, bv. deur die lisensiëring van wie kerklike werk mag doen, en aldus miskien inbreuk maak op godsdiensvryheid, word sterk betwyfel. Die Regering is nie gereed om so te besluit nie.

Die tyd word nog nie ryp geag vir die oordrag van die subsidiëring van hospitale en mediese dienste

na Bantoe-owerhede of die Bantoegemeenskap nie, en intussen word nie nog 'n oorgangsperiode in Bantoegebiede, naamlik van oorname deur die Unie-regering, wenslik geag nie.

Die Regering sien nie kans om subsidieë in verband met sendingwerk te verleen nie, want daar is erkende kerke met 'n uitkyk ten opsigte van die Bantoe en sy ontwikkeling wat nie strook met die eise wat die Kommissie self stel nie, en steun aan hulle sal dus nie die doel van die aanbeveling dien nie. Dit sal tegelykertyd nie in belang van die Staat of die Kerke wees indien die Staat diskrimineer tussen Kerke deur toetse te stel vir sy subsidiëring wat beoordeel mag word as ingegee deur politieke of ander partydigheidsoorwegings nie. Dieselfde geld in verband met bydraes deur die Staat tot die opleiding van sendingwerkers.

15. 'n Omvattende Gesondheidsdiens moet in Bantoegebiede ontwikkel word (bl. 165 en 204-205).

15. Die Regering het die Departemente van Volksgesondheid en Naturellesake opgedra om 'n interdepartementele komitee aan te stel om, met raadpleging van ander belanghebbende owerhede, die implikasies—finansieel, wetlik en andersins—en die praktiese uitvoerbaarheid van die voorgestelde vorm van oorname en samewerking, noukeuriger na te gaan.

16. Die herorganisasie en ontwikkeling van welsynsdienste moet deur die Departement van Naturellesake onderneem word (bl. 167 en 203).

16. Die Regering keur in beginsel goed dat op die geleë tyd welsynsdienste vir die Bantoe onder leiding van die Departement van Naturellesake geplaas en ontwikkel moet word. Wanneer dit gebeur sal die verder besondere aanbevelings die nodige aandag verkry. Dit word egter onwenslik geag om aan die Departement van Naturellesake te veel nuwe take gelyktydig op te dra wat sy opname-vermoë moet oorspan. Aangesien ook die Bantoe-owerhede, wat van fundamentele belang is in hierdie verband, nog moet kans kry om behoorlik wortel te skiet, sal hierdie besluit eers in toepassing gebring word wanneer die Regering oordeel dat die tyd daarvoor aangebreek het.

17. Bantoe-onderwys moet 'n eie karakter hê en invoeg by die ontwikkeling van die Bantoegebiede (bl. 204).

17. Die Regering se beleid ten opsigte van skoolonderwys is in wetgewing vasgelê en dit is ook welbekend dat, soos die Kommissie, hy hoë waarde heg aan die inskakeling

daarvan by die Bantoe-samelewing, en die groot betekenis van die Bantoegebiede in die onderwysstelsel aanvaar. Geen nuwe beleidsverklaring is hieroor nodig nie.

Die metode van organisasie van Universitêre onderwys vir die Bantoe sal bekendgestel word ná die Interdepartementele komitee wat daarmee handel, sy verslag ingedien het.

18. Die Departement van Naturellesake moet gereorganiseer en uitgebrei word (bl. 177-179, 188 en 206-207).

18. Die voorstelle wat betrekking het op die reorganisasie en uitbreiding van die Departement van Naturellesake is so ingrypend en het soveel belangrike finansiële implikasies, dat die Regering nie bereid is om ligtelik tot 'n skielike algehele herorganisasie wat maklik op grootskaalse verwarring kan uitloop, in te stem nie. Dieselfde geld van die voorstel insake 'n Ontwikkelingsraad en die hervorming van die funksies van die Naturelletrust. Die voorstelle sal noukeurige en voortdurende studie vereis. Meeste word nie beskou as noodsaaklik vir minstens die aanvoorwerk van die eerste paar jaar nie, en veral nie nadat tot 'n hele reeks uitbreidings reeds in voorgaande besluite toegestem is nie. Gaandeweg, met inagneming van die aanpassingsvermoë van die Departement in elke stadium, sal wat as nodig beoordeel word, kan uitgevoer word sonder ontwrigting.

Die Regering verwerp die gedagte dat 'n hele reeks Departemente met aparte sekretarisse onder een Minister moet ontwikkel (paragraaf 105, bl. 179). Die vergelykings ag hy nie parallel nie, insover daar in die geval van die Departement van Naturellesake nie net sprake is van beleidskoördinering nie. Al die administratiewe en ander werksaamhede is hier so ineengestrengel dat hulle binne 'n eenheidsorganisasie moet behartig word.

19. Die beheer oor die aanstelling van personeel moet in die geval van die Departement van Naturellesake van die Staatsdienskommissie na hierdie Departement oorgedra word (bl. 179).

19. Die Regering aanvaar nie die voorstel (paragraaf 113, bl. 179) dat die Staatsdienskommissie sy beheer ten opsigte van die aanstelling van personeel in verband met enige Departement prysgee nie. Indien meer werk of 'n groter verskeidenheid van tipes personeel of spoe-

diger afhandeling dit noodsaak, sal eerder 'n uitbreiding van die omvang van die Staatsdienskommissie oorweeg word.

20. Konsolidering van Bantoegebiede moet geleidelik bewerkstellig word (bl. 184-185).

20. Die Regering aanvaar die beginsel dat territoriale owerhede, soos voorsien in die Bantoe-owerhedewet, op 'n etniese grondslag moet ontstaan, en ook dat deur die uitruiling van swart eiendomskolle binne blanke gebied (met medewerking van die blanke boere betrokke) vir grond teenaan Bantoegebied meer geografiese konsolidasie sal ontstaan. Met die oog op die groot hoeveelheid oopgestelde gebied wat nog onder die Naturelletrust en -grond Wet van 1936 moet aangeskaf word, is dit egter onrealisties om vandag vae grense op kaarte aan te dui wat verder blanke gebied inbetrek, wie se aankoop tog nie nou ter sprake kan kom nie. Toekomstige regerings mag op sulke teorieë terugkom. Vandag is dit nie 'n saak van praktiese beleid nie.

21. Voorsiening moet vir die finansiële benodigdhede gemaak word (bl. 193-195).

21. Groot bedrae word reeds uitgegee of voorsien in lenings- of ander vorm in verband met behuising en vervoer van Bantoe binne blanke gebied. Die land se uitgawes in verband met die versorging van die Bantoe by blanke stedelike gebiede sal verder die hoogte inskiet tensy bestaansmoontlikhede vir hulle binne hul eie gebiede geskep word waar die versorging ook op 'n meer ekonomiese grondslag kan geskied.

Dit is dus in die land se belang —ook finansieel—om aansienlike bedrae vir die ontwikkeling van die Bantoegebiede op die regte manier beskikbaar te stel en daar bestaan ook geen twyfel aan die vermoë van die land om dit by te bring nie.

Die Regering is derhalwe bereid om binnekort by die Parlement aan te beveel watter bedrag nou in die Naturelletrust-fonds gestort moet word veral met die doel om te begin om bebossing, grondbewaring en besproeiing in die Bantoegebiede te bespoedig.

Soos aangedui in paragrawe 9 en 10 hierbo, sal daar ook hulp verleen word met die oprigting van nywerhede in Bantoe-besit *binne* die Bantoegebiede en nywerhede

in blanke besit *naby* Bantoegebiede.

Die omvang en die tempo van die ontwikkeling in die verskillende rigtings kan nie vooruit met sekerheid bepaal word nie en die Regering ag dit derhalwe nie wenslik om in hierdie stadium reeds bedrae vas te stel vir die verskillende doeleindes soos aanbeveel in Hoofstuk 50, Afdeling 10 (V) van die verslag nie. Namate die planne ontplooi sal die Regering in staat wees om te besluit watter verdere finansiële steun aan die Bantoegebiede verleen moet word. Die Regering is daarvan oortuig dat die verdere ontwikkeling van die Unie se waardevolle natuurlike hulpbronne, gepaard met die handhawing van 'n gesonde finansiële beleid, hom in staat sal stel om 'n doeltreffende program teen 'n bevredigende tempo uit te voer wat aan die Bantoe in hul eie gebiede 'n waardevolle tuiste sal besorg.

**Collection Number: A1132**

**Collection Name: Patrick LEWIS Papers, 1949-1987**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa**
*Location:* **Johannesburg**
**©2016**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of a collection, held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.